Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Beskaming en bevryding

Skriflesing: Lukas 8:26-39 (1983)

[26] Daarna het hulle verder gevaar na die land van die
Geraseners, wat reg teenoor Galilea lê.
[27] Toe Jesus daar aan wal gaan, het 'n man van 'n dorp af Hom
tegemoet gekom. Hy was van bose geeste besete en het 'n hele
tyd al nie meer klere gedra nie en ook nie in 'n huis gebly nie,
maar tussen grafte.
[28] Toe hy Jesus sien, skreeu hy en val op sy knieë voor Hom
neer terwyl hy hard uitroep: "Wat het U met my te doen, Jesus,
Seun van God die Allerhoogste? Ek smeek U, moet my nie
pynig nie!"
[29] Dit het hy gesê omdat Jesus die onrein gees beveel het om uit
die man uit te gaan. Dit was 'n bose gees wat hom al baiekeer
beetgepak het. Al het hulle hom met hand- en voetboeie
vasgemaak om hom in bedwang te hou, het hy die boeie
uitmekaar geruk en is hy deur die bose gees die woestyn in
gejaag.
[30] Toe vra Jesus hom: "Wat is jou naam?" "Legio," antwoord
hy, want daar het baie bose geeste in hom ingevaar.
[31] Hulle het Jesus gesmeek om hulle nie na die onderaardse
diepte toe terug te stuur nie.
[32] Daar het 'n hele trop varke teen die berg geloop. Die bose
geeste het Jesus gesmeek om hulle toe te laat om in die varke in
te vaar. Hy het hulle dit toegelaat,
[33] en die bose geeste het uit die man uitgegaan en in die varke
ingevaar. Die trop sit toe op loop teen die hang af, die see in, en
hulle versuip.
[34] Toe die wagters sien wat gebeur het, hardloop hulle weg en
gaan vertel dit in die dorp en op die plase.
[35] Die mense gaan kyk toe wat gebeur het. Hulle kom by Jesus
en daar kry hulle die man uit wie die bose geeste uitgevaar het.
Hy sit by die voete van Jesus, met klere aan en by sy volle
verstand, en hulle het bang geword.
[36] Maar dié wat dit gesien het, het vir hulle vertel hoe die
besetene genees is.
[37] Toe het al die inwoners van die gebied van die Geraseners vir
Jesus gevra om van hulle af weg te gaan omdat hulle baie bang
was. Hy het toe in die skuit geklim en teruggegaan.
[38] Die man uit wie die bose geeste uitgevaar het, het Jesus
gesmeek om by Hom te kan bly. Maar Jesus het hom
weggestuur en gesê:
[39] "Gaan terug na jou huis toe en vertel alles wat God vir jou
gedoen het." Hy het toe gegaan en die hele dorp deur bekend
gemaak wat Jesus vir hom gedoen het.

Broodjies vir die pad

Iets oor Lukas 8:26-39

The demoniac on the other hand comes to Jesus and knows who he is. "*What have you to do with me, Jesus, Son of the Most High God?"* He also is reluctant for an encounter with Jesus. "*I beg you, do not torment me"* Here is a person robbed of dignity. Exposed and shamed, symbolised by his nakedness and excluded by reference to his location in the tombs.

**Jesus' response is to inquire as to the man's real identity. By asking his name, Leslie Weatherhead suggests, Jesus is asking a question equivalent in the day to a therapist asking in our day, "*How did it all begin? What power is it that is over you*". The insight that emerges in the narrative suggests that Jesus might have spent a long time in this conversation drawing closer and closer to this rejected and abused human being to get him to a place of trust where he could share his story (his name) with Jesus. Weatherhead goes on to speculate that perhaps the reference to the name "Legion" may be a pointer to the fact that the man was naming atrocities committed by the Roman Legionaires who controlled the Decapolis.

Whatever the illness of the man, Jesus sets him free and liberates him from the abysmal energies at work in his life. No wonder that the man deeply desires to stay with his divine therapist from then on, and how skilful of Jesus not to encourage that dependence but to set the restored man free to be himself, and not a slavish dependent disciple?

https://thelisteninghermit.com/2010/06/

◆◆◆

Vir Vadersdag

Oor vaders en digters, geboorte en dood

Desmond Painter

My en Claire se dogtertjie, Hania, is gisteroggend gebore, dus was my gedagtes by nuwe lewe eerder as die dood. Dit was nogtans hartseer om te lees dat Seamus Heaney op dieselfde pragtige oggend oorlede is.

Tydens my jare by die Rhodes Universiteit, iewers in die vroeë 2000s, het Heaney 'n eredoktorsgraad daar ontvang. Hy het 'n mooi openbare lesing oor 'The Guttural Muse' gelewer en sy gedigte aangrypend by kerslig voorgelees in die katedraal.

Wat my egter sal bybly is 'n kort ontmoeting met Heaney, bemiddel deur plaaslike digter en Engelsdosent, Dan Wylie. Ek kan nie veel van die gesprek onthou nie, behalwe dat Heaney vriendelik en toeganklik was, en dat hy, toe hy verneem dat ek en my vriendin Afrikaans is, gesê het: 'Ah, your own guttaral muse…'

Wanneer Hania veilig tuis is sal ek vir haar hierdie gedig van Heaney lees:

Follower – *Seamus Heaney*

My father worked with a horse-plough,
His shoulders globed like a full sail strung
Between the shafts and the furrow.
The horse strained at his clicking tongue.

An expert. He would set the wing
And fit the bright steel-pointed sock.
The sod rolled over without breaking.
At the headrig, with a single pluck

Of reins, the sweating team turned round
And back into the land. His eye
Narrowed and angled at the ground,
Mapping the furrow exactly.

I stumbled in his hob-nailed wake,
Fell sometimes on the polished sod;

Sometimes he rode me on his back
Dipping and rising to his plod.

I wanted to grow up and plough,
To close one eye, stiffen my arm.
All I ever did was follow
In his broad shadow round the farm.

I was a nuisance, tripping, falling,
Yapping always. But today
It is my father who keeps stumbling
Behind me, and will not go away.

http://versindaba.co.za/2013/08/31/desmond-painter-oor-vaders-en-digters-geboorte-en-dood/

◆◆◆

Nog iets vir Vadersdag

Dankie Gisela! Vadersdag. Ek lees. Nou besef ek van vooraf hoe kompleks en intens my eie verhouding met my pa is… Dit sal seker nog ‘n paar jaar vat om daaroor te probeer skryf. In “Reis” (uit “Die donker is nooit leeg nie”, 1997) skryf Heilna du Plooy o.a.

Wanneer dit middelwinter was
en snags die Hoëveld tot poeier
skroei in koue en in yl ryp,
dan het Pa graag gereis
na waar dit warmer was.

In strofe 3:

Pa wys waar die Drie Konings sit
en ook die Suiderkruis.
Ons loer so vaak-vaak na die lug,
verstom dat ook die maan kan ondergaan.

En in strofe 5:

Pa gee deurlopend aardrykskunde-les,
plantkunde en dierkunde
en ook geskiedenis kom by:
Kyk, hier begin die landskap breek –
die binneland is mos een groot plato.
Let op, ons ry nou baie minder op as af.
Kyk na die heuwelrige glooiings daar,
die voëls, die soorte gras,
die boom se soort, sy bas en blaar.

Ek herken hierin my eie pa se Aardrykskunde lesse in die kar op pad na ons jaarlikse vakansiebestemmings – elke jaar in ‘n ander windrigting. En die lieflike opneem van algemene kennis by die dogter, ingegee deur ‘n rustig besturende vader. Dankie vir die hartsgedig oor pa’s en dogters, Heilna du Plooy, en dankie liewe pa.

http://versindaba.co.za/2014/06/02/gisela-ullyatt-vir-n-pa/

Brood vir die pad

Gestel tóg daar kom slagoffers oor ons pad?

Dirkie Smit

Ja, wet en reël en riglyn help ons om ons naaste lief te hê. Is selfs rigsnoere vir liefde in ’n wêreld waarin ons op mekaar aangewese is. Wie hulle hou – wette gehoorsaam, regulasies volg, belasting betaal, burgerlike plig verrig – dien só ons naastes op vele maniere, ons gesig- en naamlose naastes, wat ons nie persoonlik ken of ooit sál ken nie, selfs geslagte ná ons.

Ons help met onderwys, paaie, water, sosiale sorg, mediese dienste, misdaadbestryding, openbare welsyn – en betoon só liefde. Ons bestuur selfs links en hou by die spoed. Steel nie. Rand nie aan en moor nie. Sékerlik, ons gehoorsaamheid is onontbeerlike gestaltes van liefhê in moderne, komplekse samelewings.

Maar dis – ongelukkig – nie al nie. Reëls kan immers – ongelukkig – ook verskonings word om nié lief te hê nie?

Wegkruipplekke van ons naaste in nood? Skuilings van waar ons nie kan sien of hoef te hoor nie? Regverdiging vir gebrek aan omgee?

Soos in die storie van die Samaritaan (Luk. 10:25-37). Dit word nie gesê waaróm die priester en die Leviet verby hou nie, ons kan slegs bespiegel, dog dalk maak hul siening van die wet dit moontlik, nodig, maklik? Hulle kón miskien nie anders nie? Kón dalk nie naastes word nie, was nie vry om te sien en hoor en reageer nie? Want wette het hulle beskerm teen liefde se eise.

Die Franse denker Emmanuel Levinas sou dit oor jare bedink. Hoe wette, juis déúr ons te help om (gesigloos en onpersoonlik) lief te hê, ons ook bevry van aansprake wat kom met die gesigte van konkrete naastes.

As ons wette eers vir hulle name gee en voorskryf hoe om met diesulkes te handel – hetsy afkoms, voorkoms, ras, nasie, taal, kultuur, geloof, gender, vreemdeling, vlugteling, migrant – wéttig, volgens óns gebruike en reëls, dan is ons bevry van enige fluisteringe in ons gewete vanweë hul mens-wees en hul dáár-wees en dalk hul nood.

Ons kén sulke situasies, klein en groot, vandag én gister. Wéét hoe reëls gebruik word om kollegas en kinders se lewe te benou – alles só volgens reg en gesag. Wéét hoe landswette gebruik word om bitterlik te veronreg – alles só legitiem en na voorskrif en paragraaf.

Nóg ’n Franse denker, Calvyn, sou uitlê hoe ons die wet self benut om aan sy eie diepe bedoelinge te ontkom, hoe ons skuil agter die reg ten einde onreg te pleeg, hoe ons ons vroom beroep op wat tog géld – ten einde ander dit te laat óntgeld.

Dis net, sê hy, dat God dié bedoelinge van ons harte kén.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/djs-gestel-tog-daar-kom-slagoffers-oor-ons-pad-20160611

◆◆◆

Lied 281

Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons hulp en krag.
As die nag se kleed ons sluier,
bly ons steeds u heil verwag.
Ons Bevryder, ons Bevryder,
U, die God van ons behoud -
U, die God van ons behoud.

Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons sorg en stut.
As die toekoms ons bekommer,
sal U, Here, ons beskut.
Ons Beskermer, ons Beskermer,
U, die God wat ons behoed -
U, die God wat ons behoed.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877